# MARTEN DU PREEZ

**Datum:** **17 Maart 2010**
**Plek:** **Pretoria**
**Vraagsteller (V):** **Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A):** **Marten du Preez | SANAE 1: Radiotegnikus 1959 | SANAE 3: Leier & Radiotegnikus 1962**

**V:** Hoe het dit gekom dat u Antarktika toe is?

**A:** Ek het gehoor dat daar ʻn ekspedisie saamgestel word, en van my kollegas het ook aansoek gedoen, en ek het ook aansoek gedoen. En ek was gelukkig gekies om te gaan as radiotegnikus aan die einde van 1959. Ek was toe verbonde aan die Derdepoort-radiostasie van die Poskantoor, hier in Pretoria, en die Departement het my toe toestemming verleen; ek is gesêkondeer na die Departement Vervoer, wat destyds die ekspedisie behartig het – eintlik die Weerburo destyds meer, maar onder die Departement van Vervoer.

**V:** Ja, hulle was mos ʻn afdeling van die Departement van Vervoer. Nou wat het u laat besluit om aansoek te doen vir so iets?

**A:** Dit was vir my ʻn wonderlike avontuur en geleentheid om daardie kontinent te kon besoek of te kon lewe daar, waarvan mens net gelees het in boeke en so aan, en ons in Suid-Afrika op daardie stadium baie min geweet het, behalwe Hannes le Grange wat nou saam met Sir Vivian Fuchs op sy ekspedisie was. Maar verder het ons maar min daarvan geweet, behalwe nou Marion-eiland natuurlik, wat ons in ʼ47 beginne beman het.

**V:** Ja.

**A:** Maar dit was ʻn uitdaging.

**V:** Was u maar agter die uitdaging aan?

**A:** Ja.

**V:** So julle het aansoek gedoen en u het die pos gekry. Maar daar van daar af het alles klink my baie vinnig gebeur ... Daar was nie regtig lank voorbereidings nie.

**A:** Ja-nee. Ons het ... Hannes het oorsee gegaan om die nodige rantsoene vir die sleereise te koop en ook vir die ekspedisie in die basis, want die Noorweërs het wel vir ons kos gelaat, maar weens taalgebrek of misverstand kon ons nie mooi verstaan wat hulle daar vir ons laat nie. So ons moes maar saamneem.

**V:** Wat hét hulle daar gelaat toe?

**A:** Joe ... Die *fiskeballe* is natuurlik ‘n baie belangrike, of ‘n bekende, ding wat ons ... Jy kon dit nie eet nie, maar daar was tonne daarvan gewees. Daar was so bietjie frikkadelle, vleisfrikkadelle, gewees; ‘n bietjie vis. Maar ons het maar baie min van hulle kos geëet; ons het maar ons eie ... blikkieskos. O ja, ons het natuurlik bevrore groente saam – of nie bevrore nie, maar ontwaterde groente, né.

**V:** O ja, *desiccated* ...

**A:** Soos kool en boontjies ...

**V:** Uie ...

**A:** En uie en als ... Aartappels het ons die soliede aartappels geneem, en ons het natuurlik ‘n klompie skape saamgeneem – geslagte skape ...

**V:** Ja, julle het nou nie gedink hulle gaan wei daar nie!

**A:** En ‘n otjie ook, want ons het ... Die hele wêreld was ons yskas gewees daar.

**V:** Ja, dit was seker goed gewees ... Het hulle vir julle iets vertel van Antarktika vooraf, van die kondisies daar? Het Hannes ‘n bietjie met julle gesels daaroor?

**A:** Ons het baie min tyd gehad om daaroor te gesels. Hannes het wel vir ons ... Wat ons wel gemaak het, is ons het so soort van ‘n tuig gemaak wat jy oor jou klere aantrek en dan jou vingerlose handskoene – as jy jou handskoene uittrek dat dit nie val nie, dat dit aan die tuig hang, jy weet, want dan’s jou hande weer vinnig in die ... Dit het ons gemaak. Ja, verder het ek maar ... Ek weet nou nie wát ons alles gedoen het in daai ses weke nie!

**V:** Dit was net ses weke gewees?

**A:** Ja.

**V:** Dink u die ekspedisie sou op die been gekom het sónder Hannes?

**A:** Nee, nie maklik nie. ... Nee, met sý ondervinding was dit absoluut vir ons goud werd, en vir Suid-Afrika, en het hy ons vooraf darem vertel die gevare wat daar is, jy weet. En veral jou donkerbrille wat jy moet dra, beskermde klere wat jy moet aantrek, en ook dan natuurlik die storms – jy waag dit nie in die storms uit sonder dat jy ‘n tou aan die basis se deur, skag, vasgemaak en daarmee uitbeweeg nie, of dat julle miskien twee bymekaar is en mekaar se hande vashou. Maar goed, dit was maar baie elementêr vertel en verduidelik ... Maar dit was goed gewees.

**V:** Voor julle gegaan het, het julle darem Minister Schoeman ontmoet, of Dr Verwoerd?

**A:** O ja; dankie dat jy daai vraag vra! Dr Verwoerd het intens belanggestel in die ekspedisie. En Mnr Danie Joubert was jou Sekretaris van Vervoer; jy weet, in Queenswood het hy gewoon ...

**V:** Regtig?

**A:** En hy't toe een aand se onthaal gereël waar Dr Verwoed teenwoordig was – ek dink daar's ook foto's in Dr Van der Merwe se boek. En Dr Verwoerd het intens belanggestel, soos ek gesê het. Maar wat my beïndruk het, is sy kennis – as ek sê sy wetenskaplike kennis van die Suid-Atlantiese gebied.

**V:** Ja ... ?

**A:** Van die weersomstandighede, en ook van die belangrikheid vir ons om daar 'n basis te vestig. En hy't ons natuurlik alle sukses toegewens. Maar hy't so lekker gemeng met die ekspedisielede. Ons het elkeen 'n kansie gehad om met hom te praat en so aan.

**V:** Dit klink my hy was 'n charismatiese man gewees?

**A:** Baie. Baie ordentlik . 'n Mens met hoë integriteit; beleefd, vriendelik – al die woorde wat jy nog daar kan byvoeg.

**V:** Oukei. En het julle 'n idee gehad van julle is verteenwoordigers van Suid-Afrika? Het hulle so iets vir julle gesê?

**A:** Ons het ... Ja, was bewus daarvan dat ons Suid-Afrika verteenwoordig op Antarktika, maar dat ons miskien nie so heeltemal aanvaar sal word deur Rusland nie, byvoorbeeld. Die Autralianers en die Engelse se vriendelikheid was baie goed gewees – ons het baie goeie verhoudinge met hulle gehad per radio. Ja, dit was vir ons belangrik om ... Ons het geweet ons het vervul 'n belangrike taak vir Suid-Afrika om daar wetenskaplike werk te doen.

**V:** So het julle énigsins kontak gehad met die Russe, oor die radio?

**A:** Nee, ons het nooit met die Russe kontak gehad nie. Ons was net bewus van hulle, maar ...

**V:** So 600 km verder ...

**A:** Maar baie met die Australiaanse basis en ook Halley Bay, baie.

**V:** Baie met die Britte?

**A:** Britte , ja.

**V:** Het julle die Noorweërs vooraf ontmoet wat saam was op die skip?

**A:** Wel, dit was natuurlik net die bemanning van die skip, die Polar Bjorn. Ons het baie goeie verhoudings gehad, lekker met hulle gepraat. Hulle kon natuurlik baie min Engels praat, maar ek het ook heelwat Noorweegs geleer.

**V:** O?!

**A:** Ja – [Enkele frases in Noorweegs]. ... En nog so aan. Maar baie gemoedelike mense, en ordentlik ook, veral die kaptein, Kaptein [Maru]. Met die seebegrafnis van die ou wat selfmoord gepleeg het, het ... Vir my was dit 'n besondere geleentheid, die begrafnis ter see, en dat hy ook tog 'n bietjie sand op die skip gehad het, né ...

**V:** Werklik?

**A:** En sand gestrooi op die lyk. Hy was so in seil toegewerk, met ysters aan die kant, om hom te laat sink. En weet jy, ons het 'n Afrikaanse liedjie gesing ... iets van 'lig', maar ek sal nou-nou probeer op sy naam kom ... "Luister lig .... " Maar hulle het in Noorweegs gesing; ons het in Afrikaans gesing.

**V:** Ja. Dis nogal mooi.

**A:** Ja.

**V:** Hoe bewus was julle van julle rol op Antarktika?

**A:** Wel, ja, ons was baie bewus. Nie ek soseer as radiotegnikus, wat nou maar net die apparaat in stand moes gehou het, maar Vic byvoorbeeld – die geoloog, wat gletserkundige werk gedoen het; en Hannes het ook baie gletserkundige werk gedoen. Ons het daar so 'n stamper gehad wat ... En hy't my altyd uitgekies om te gaan help. Dan moet ek op die sneeu lê; dan moet ek kyk hoe diep hierdie ding nou binne penetreer het terwyl die gewiggie val.

**A:** So, nee a. Hannes was baie gemotiveerd om wetenskaplike werk te doen. En ook natuurlik die weerkundige bydrae wat ons gelewer het en navorsing wat daar gedoen was. En Dr Van der Merwe ook – mediese navorsing wat hy gedoen het: ons partykeer uitgehonger het en dan gekyk hoe ons bloedvlakke verander, of metabolisme en so aan ...

**V:** Bietjie toetse op julle gedoen?

**A:** Ja, hy't toetse op ons gedoen.

**V:** Weet jy ... Ek het gelees in sy boek hy't julle bloed so af en toe getrek ook?

**A:** Ja, ja. Ek weet nie of hy ooit by my getrek het nie – miskien was my bloed te besoedeld! Maar ja, met die apparaat wat hy saamgeneem het, is die metabolisme-apparaat, maar omdat dit op so kort kennisgewing gereël was, kon hy seker nie al die ander goeters gedoen het nie. Ek weet nie of die boormasjien, die tandboormasjien, of hy daar was nie en of hy dit saamgeneem het nie, maar hy was ook toegerus in 'n sekere mate om tog elementêre operasies te doen.

**V:** O, oukei. Was dit nodig gewees?

**A:** Nee. Op die derde ekspedisie wel, was dit nodig gewees, toe – hy's nou professor – Duncan Baker se blindederm uitgehaal is, maar ons het gewag totdat die skip

aangekom het, sodat daar twee dokters is tydens die operasie, net vir ingeval iets gebeur, maar behalwe dat Dr Charles Lautenbach het daai hakskeen van Brandjie reggemaak wat so deurgeskuur was op die trekker se rusperband.

**V:** Kon hy weer  bo gaan loop?

**A:** Loop? Ja, hy kon nog loop.

**V:** Want dit moes maar hobbel-hobbel gegaan het aan die begin!

**A:** Ja; ja.

**V:** Oukei. Toe kom julle nou daar op die kaai. Was dit die eerste keer dat u op 'n skip gevaar het?

**A:** So groot skip, ja.

**V:** So groot skip ... Wat was 'n mens se eerste indrukke van die robbejagter, die Polar Bjorn?

**A:** Wel, op daai stadium was ons maar te dank Vader-bly ons het 'n skip; ons kan nou Antartika toe gaan. Dit was ook maar redelik primitief, want die kajuite was voor, in die skip se voorpunt, waar die anker gehang het. En in rowwe see, dan klang-klang dit, so ...

**V:** Julle het maar nie goed geslaap nie?!

**A:** Nee. En hy was maar 500 ton. Hy't goed rondgedobber op die see, regtigwaar! En die ouens ...

**V:** Was julle bietjie seesiek?

**A:** ... was baie seesiek gewees, o werklikwaar. Ek was net een aand siek gewees; daarna was dit verby. Maar party ouens het in hulle bed bly lê. Ons het vir hulle maar kos aangedra.

**V:** Wie't so in hulle bed bly lê?

**A:** O, ek dink Nick Erasmus; ek dink Theo het ook in die bed bly lê. Chris dink ek het opgestaan. Ek was gelukkig. Toe daai ou oorboord geval het, toe kon ek in sy kajuit ingaan, saam met 'n ander outjie, toe. So toe daar ... nie daar voor gewees nie, want partykeer was die see só rof, die water oor die dek, dat ons nie kon na die kombuis toe gaan of soontoe nie.

**V:** Sjoe.

**A:** Ons het toe maar toue gespan waaraan jy kom vashou om van die kajuit na die eetkamer toe te gaan.

**V:** So hoe was dit; ek bedoel watter soort atmosfeer het dit op die skip gesit dat hierdie ... sommer hier heel aan die begin val iemand al oorboord en ... ?

**A:** Dit was vir ons natuurlik ‘n groot skok gewees, want ons het die sirene hoor afgaan van die skip, en iemand het geskreeu “Overboard!” Joe, toe wonder ons nou wie is dit, en ons het onmiddellik almal bymekaar gekom en gekyk wie is nog teenwoordig. En Vic, om die een of ander rede het hy nie dit gehoor nie, en toe’t ons gesoek totdat Vic gekom het. Toe was ons al tien bymekaar.

**V:** Ja. En toe wat? Is dit ‘n paar dae daarna dat die ander man, die ... ?

**A:** Ja, weet jy, dit was interessant. Ek en hy’t op die dek gestaan, en ons het nou ‘n weddenskap aangehad aan watter kant van Bouvet-eiland ons verbygaan. Goed, hy’t toe die weddenskap gewen in elk geval, want ek dink hy’t die roete geken, en hy’s daar weg, na die eetkamer toe, waar almal vieruur die middag koffie gedrink het – die bemanning – en hy’t elkeen gegroet. En dit was vir hulle vreemd gewees. En toe’s hy op na sy kajuit toe.

**V:** Hmm.

**A:** En ek het nog daar op die dek gestaan toe ek die plof gehoor het, die plofslag gehoor het.

**V:** Ai ja.

**A:** Nouja, Dr Van der Merwe het onmiddellik toe opgetree en, jy weet, wat hy ook kon doen. Maar hy’t ons almal weggehou, want hy wou nie sien hoe vermink ... hy wou nie hê ons moes sien hoe vermink die man was nie.

**V:** Hoe het dit die res van die *journey* beïnvloed? Die reis ...

**A:** Dit was vir ongelooflik neerslagtig of morbied, of ... Die een Donderdag, die ou oorboord; die volgende Donderdag, jy weet ... Dit is twee persone wat in een week in jou omgewing dood is. Ja. Maar ons het toe darem daaroor gekom en Hannes het ook met ons gepraat. En nou-ja, nadat ons die begrafnis ter see gehad het, toe was ons nou weer vol moed; Antarktika lê vir ons voor.

**V:** Hoe was Bouvet-eiland? Kon julle iets van Bouvet sien?

**A:** Ja. Op daai DVD van my kan julle hom sien. Hy’s heeltemal bedek met ys, sneeu. En dan het hy aan die voorkant – ek dink aan die noordekant; noord-oostelike kant – het hy so ‘n plateau. Maar baie laag; net bokant die see, waar daar robbe is, en so aan, waar vorige ekspedisies ook ‘n dag of twee, of ‘n tydjie, deurgebring het.

**V:** So dit was ‘n mooierige dag gewees toe julle by Bouvet is?

**A:** Ja, baie pragtig; ons het hom duidelik gesien. Ek glo nie ons het robbe gesien nie. Maar ons het ‘n hele entjie weg van hom verbygevaar.

**V:** En julle het dáár die begrafnis ter see gehad ...

**A:** Net daar ja; ‘n dag of wat daarna.

**V:** Oukiei.

**A:** Net voordat ons in die pakys gekom het.

**V:** O. Ek wil net gou bietjie teruggaan weer. Hoe was dit om mens se geliefdes agter te laat daar op die kaai? U was getroud vir ‘n hele paar jaar teen daai tyd ...

**A:** Ja, ons is in ’48 getroud; ek was toe 12 jaar getroud. Rika was toe 5 jaar oud. Mens het besef jy laat jou vrou en die dogter agter, maar daar’s ‘n taak vir jou om te verrig. Maar goed, later van tyd, in die donker maande, dan begin jy verlang; baie verlang.

**V:** Ja, ek kan dink. Dan sien mens die dogtertjie en haar ...

**A:** Ja.

**V:** Van wie is julle almal vergesel op die skip? Dit was die span gewees ?

**A:** Ja. Dan was daar ook waarnemers gewees van die verskillende departemente. Die Departement van Verdediging het ‘n vlieënier saamgestuur – Kolonel Chapman. Van die vloot was Kommodoor Netterberg O ja, daar was ‘n Amerikaanse Admiraal ook ...

**V:** Ja ...

**A:** [Mandridge]

**V:** Wat het hy gedoen daar?

**A:** Hy’t maar net saamgegaan as waarnemer; ek kan nie onthou wat sy funksie eintlik , eintlik was nie. Dan was daar natuurlik ‘n voorradebeampte van die Departement Vervoer. Ek weet nou nie.

**V:** So julle het die skip redelik volgepak?

**A:** Vol; hy was tjok-en-blok vol.

**V:** Ek hoor een van die Amerikaanse verteenwoordigers het ook vriende gemaak met ‘n pikkewyn ... ?

**A:** Ja, dit was die Amerikaanse Admiraal, [Mandridge].

**V:** Ja.

**A:** Ons het ‘n Keiserpikkewyn gevang ...

**V:** Ja?

**A:** En hy moes doodgemaak geword het en hy wou hom toe Amerika toe neem vir ‘n museum of een of ander rede. Maar Dr Van der Merwe het hom ingespuit met allerhande goed en hy wou net nie vrek nie!

**V:** Ag nee! Regtig?

**A:** Ja. En hy wou ook nie eet nie. Ons het vir hom natuurlik sardiens gevoer uit blikkies uit!

**V:** Ja!

**A:** En dít wou hy ook nie eet nie. En die bemanning het naderhand vies geword – dis dieremishandeling. Die pikkewyn loop op en af op die dek ... O, ons het naderhand vir hom aangetrek, ons handskoene en brille opgesit.

**V:** Nee!

**A:** Ek dink dit verskyn ook op daai DVD. En eendag het die matrose besluit hulle gooi hom oorboord; hulle kon dit net nie langer verduur nie.

**V:** Ja. Maar hy't toe nooit teruggekeer nie? Die pikkewyn.

**A:** Nee, nee. Hy's net weg; geswem.

**V:** Het die pikkewyn 'n naam gehad?

**A:** Ek glo nie ons het vir hom 'n naam gegee nie ... Miskien kan mens maar sê 'Verlore Seun', of so iets.

**V:** Oukei!

**A:** Maar al ons trekkers het natuurlik name gehad.

**V:** Soos? As ek dit reg het, was een Suikerbossie, of so iets.

**A:** Suikerbossie, Pikkanien en Ounooi.

**V:** O. En waar het hulle name vandaan gekom?

**A:** Hul name? Ons het sommer ... Wel, Ounooi was die oudste trekker wat daar was. Pikkanien is die trekker wat al die harde werkies moes gedoen het. Hy't 'n skopgraaf voor gehad, so jy het altyd ... Pikkanien was altyd eerste om gebruik te word. Suikerbossie was 'n dieseltrekker wat ons saam afgeneem het.

**V:** Hoe was Suikerbossie?

**A:** O nee; ons het probleme gehad met hom – 'n dieseltrekker wat baie moeilik aan die gang gesit is. En ons het eenkeer drie dae gesukkel om hom aan die gang te kry. En Chris de Weerdt is seker die kampioen op Antarktika, wat seker die blaaslamp die verste kon gooi ...

**V:** Is dit?!

**A:** Hy was so kwaad, hy't net die blaaslamp weggegooi! Ons het nooit die afstand gemeet wat hy hom gegooi het nie ...

**V:** Blaaslampgooier!

**A:** ... maar ek dink hy hou die rekord!

**V:** Toe julle die eerste keer by hierdie ys aankom, hoe het dit gelyk, hierdie geweldige pakys?

**A:** Ja, , aanvanklik is dit maar dunnerige pakys en dan gaan die skip maklik deur, totdat ons die dik pakys teëgekom het, en dan het ons vasgesit. Die arme skip se motore was nie sterk genoeg om hom aan te dryf nie. Hy was wel versterk om teen die pakys te bots: vorentoe, agtertoe; vorentoe, agtertoe, totdat die pakys moontlik oopbreek. Maar soos jy seker gesien het op daai DVD ook en die ander ouens jou vertel het, ek dink dit was Oujaarsaand, toe sit ons nou al vir twee, drie dae vas. En ons was , het gereed gemaak om die Oujaaraandete te geniet, toe kom daar ‘n matroos af – miskien ken jy die storie ... ?

**V:** Nee.

**A:** Toe kom die matroos wat op wag was, toe sê hy sien, hy dink daar’s ‘n skip. Ons het lekker al beginne partytjie vier en so aan, maar die kaptein sê vir hom – want hy’t ook ‘n bietjie, so nou en dan, kom kuier en ‘n drankie geneem; toe sê hy nee, jy sien dinge. En hy’s terug, en hy’t weer afgekom; en hy sê hy sien ‘n helikopter. Nouja, toe moes ons hom glo. En toe’t hy met die alduslamp, het hy op die horison ‘n rokie gesien.

**V:** *Oh my*!

**A:** En toe met die alduslamp geflits ...

**V:** Ja, ja ...

**A:** En toe’t die Argentynse ysbreker, Generaal San Martin, die helikopter gestuur om te kom bespied, jy weet, wat aangaan. En die helikopter is toe weg, en na ‘n ruk het die San Martien langs ons kom parkeer. Waar ons vasgesit het, het hy omtrent 5 knope ...

**V:** Agge nee ... ! Dit moes seker nou ‘n nog kleiner skepie gevoel het teen hierdie groot skip!

**A:** Ja, hy was, ek dink, ‘n 5,000 ton, met twee kragtige motore.

**V:** Ja.

**A:** Maar voor dit moet ek jou net sê, was ons ook ... Was dit hierso gewees ... ? Ja, ja waar ons vasgesit het ... Die skip was bevrore, voor, agtertoe; alles was bevrore, en ons het voetbal gespeel op die pakys. Aan die begin het ons oorboord gespring op die pakys en die blokke probeer wegstoot van die skip af om vir hom ‘n baan te open. Maar dit was nie eintlik suksesvol gewees nie. Nouja, eintlik was dit ‘n bietjie kommerwekkend in ‘n mate, want die pakys het die skip beginne oordruk.

**V:** O ja!

**A:** Hulle het ‘n pendulum gehad, waar jy kon sien hoeveel grade hy oorhel. En die blokke het langs die skip opgestoot, jy weet – ek glo nie daar’t op die dek geval nie. Maar op daai DVD sien ‘n mens dit. Nouja, toe’t die San Martin langs ons om parkeer, en die kaptein is oor na hom toe, en hulle het toe besluit goed, hy sal vooruit vaar, vir ons die ys breek ...

**V:** ‘n Paadjie maak ...

**A:** ‘n Paadjie maak. Maar omdat die afstand tussen die twee skepe so groot is, het die pakys weer gekonsolideer; het ons weer vasgesit, waar hy deurbeweeg het. En so’t hy drie maal omgedraai.

**V:** Ôi!

**A:** En toe die derde maal het hy gesê, ons kan jou nie verder help nie; ons brandstof laat dit nie toe nie; tyd laat dit nie toe nie; alles van die beste.

**V:** En toe moes julle maar self sien kom klaar.

**A:** Ja. Toe’t ons weer vasgesit vir ‘n dag of wat, en toe’t ons uiteindelik deurgebreek op die ... deur die pakys. Hy’t daai jaar nooit sy basis bereik nie. O, toe hulle daar aankom, toe vra hulle – of hulle’t per radio dink ek vir ons gevra – is ons op pad huis toe? hoe lyk die water noordwaarts? Toe sê ons nee, ons is op pad suidwaarts.

**V:** *Oh my word!* Toe’t hulle nou seker gewonder ‘oukei, dis dalk ‘n bietjie laat’, of wat?!

**A:** Ja.

**V:** Het julle geleentheid gehad om óp die San Martin te kom?

**A:** Ja, ek dink Dr Van der Merwe en ek dink Chapman ... Dis twee ... Ja, Dokkie was heel laaste. Die leer was al ... Daar was ‘n leer tussen die twee skepe geplant, waar hulle kon oorklim, en hulle was op pad om die leer te verwyder, toe kom Dr Van der Merwe eers daar aan!

**V:** So hy’s amper agtergelaat?

**A:** Ja.

**V:** Hoe het die Argentynse skip binne gelyk?

**A:** Ek weet glad nie, . Dis ‘n groot skip; ek dink - was baie skoon, mooi, modern – redelik modern. Ek dink Dr Van der Merwe het iets daar gedoen vir een van die bemanning ... Ek weet nie wat hy gedoen het nie; hy’t hom tóg behandel.

**V:** O, oukei. Hoe’t julle, toe julle nou by die buktas aankom, hoe’t julle afgelaai?

**A:** Goed, die skip het natuurlik eers die oorhangende ys weggebeitel met die boeg, en toe vasgemeer, en toe met die hyskrane die voorrade afgelaai op die bank, ysbank. Die kassies het ons onmiddellik op die slees gelaai en weggery, maar omdat daar so

baie dromme was – dieseldromme; o, ek dink daar was 2,000 of so – het ons in lang rye gepak op die ysbank, dat ons naderhand aan karwei het. Ons wou eers ons voedsel, ons onmiddellike voorrade, by die basis kry.

**V:** Het die Noorweërs julle ingewag – wat op daai basis was?

**A:** Ja, ja. Die leier Haller, Siegfried Haller en sy paar bemanning, was daar. Ons het maar net elementêr in Engels gegroet en so aan, en so gou as moontlik ons goed op die slees gelaai, ons sakke, en vertrek basis toe.

**V:** En hoe het die Noorweërs vir julle gelyk na ‘n jaar van nie bad nie?!

**A:** Ja ... Baie van hulle het baarde gehad; Haller het ek glo nie baard gehad nie. Was maar taamlik rof gewees; rowwe ouens gewees – veral die dieselwerktuigkundige ...

**V:** Is dit?!

**A:** Ja.

**V:** Het julle enigsins, toe julle oor die Antarktiese Sirkel gevaar het, daar by 66$^{o}$, het julle enige ritueel gehad?

**A:** Eintlik nie, weet jy. Ons was net bewus ...

**V:** Besef julle is daaroor ...

**A:** Ons was net bewus ons het nou oor die 66$^{o}$, en nou’s ons binne die Antarktiese Sirkel. Daar was nie eintlik ‘n ritueel nie; ek kan nie onthou nie. Ek weet nie of iemand anders vir jou dit vertel het nie ... ?

**V:** Nee. Daar was later jare rituele gewees.

**A:** Ja, maar nie ...

**V:** Maar nou net nie ...

**A:** O ja, toe ek nou in ’97 af was ...

**V:** Toe was daar?

**A:** Ja!

**V:** Julle het robbe op pad geskiet ook nog?

**A:** Ja, op pad het ons robbe en het die matrose robbe geskiet, dan ... Eers het hulle hulle ontderm, maar later van tyd – omdat ons so vertraag was deur die ys – het hulle die hele rob op die ... opgetrek met die kraan op die dek gelê; rye gelê, vir hondekos daar onder.

**V:** Het julle self gewere of ammunisie gehad wat julle saamgevat het?

**A:** Ja, weet jy, ons het ‘n paar gewere gehad ... Ja, vier of vyf. Op 10 Oktober het ons skyfgeskiet.

**V:** Werklik?

**A:** Skyfgeskiet, ja. Ons het hierdie 4-gallon paraffienblikke vol sneeu gemaak, so op ‘n afstand gaan lê van dit, en geskiet. Ek dink op daai DVD sal jy dit ook sien.

**V:** Ek sal dit ‘n bietjie kyk. Beskryf Antarktika. Hoe lyk dit?

**A:** ... Ek moet jou dít vertel, en ek dink dis my beskrywing van Antarktika. Ek het eendag, op ‘n mooi dag, uitgestap. Daar was so ‘n ysbult so ‘n paar kilometer van die basis af. En ek het so op teen die ysbult geloop, en ek het so rondgekyk ..(spreker aangedaan en vol emosie). En toe weet ek, God skep rein; Hy skep nie besoedeling nie. Soos jy kyk, spierwit en rein – dis die indruk van Antarktika: skoon, rein, onbesoedeld; skepping van God. En dat dit so rein en onbesoedeld moet bly. En daarom het hulle ook laterjare wetgewing, of reëls ... Geen besoedeling mag plaasvind op Antarktika nie; glad niks. Ek weet nie of hulle al ... Was jy al by Gustav gewees?

**V:** Nee, nog nie.

**A:** Jy weet, as jy byvoorbeeld ‘n plankie sien, moet jy hom optel en in ‘n vullisdrom gaan gooi.

**V:** Ja, ja.

**A:** Geen, geen besoedeling; niks mag van Antarktika verwyder word nie. En so Antarktika moet bly soos wat hy is. En ek is so dankbaar, want dít is my indrukke: skoon, rein, onbesoedeld.

**V:** Nee, ek kan dink dit moes so ongelooflike ervaring gewees het, wat mens moeilik kan verwoord.

**A:** Ja, ja.

**V:** Wat was die dag in die lewe van ‘n radiotegnikus op Antarktika?

**A:** Bo en behalwe die feit dat ek ook my 4-dae kookbeurt moes geniet het – as mens dit so kan sê! – was daar die elektroniese apparaat van die weerkundige afdeling, wat hulle noem die radiosonde – dit is ‘n klomp antennas wat geplaas is en die radiosein wat van die radiosendertjie af, wat aan die ballon vasgeheg is, teruggestuur word, en dan word hierdie seine opgevang by die verskillende antennas, en die afstande tussen die antennas bepaal die hoek, die rigting en ook die hoogtehoek. Dié sien jy dan op die skerm. Dit moes ek , ek het baie gesukkel daarmee om dit aan die gang te kry. Dan natuurlik ook die radiosender en die ontvangers, radio-apparaat ... O, ek het ook ‘n radiosendertjie ... Weet jy wat is ‘n Mazawattee Tee?

**V:** Ja, ja; ek ken nog die ou blikkies.

**A:** So ‘n blikkie. Ek het ‘n radiosendertjie daarin gebou – die radiobuisie los ingesit en aan sy beentjies gesoldeer en al die komponente soldeer en ‘n kristalletjie ingesit, wat op ‘n sekere frekwensie uitsaai. En die’t ons op die sleeritte saamgeneem, en dan in die aande het ons ‘n sekere tyd, het ons geluister, dan het die ouens net ‘n paar seine gestuur dat hulle nog in orde is.

**V:** Dis wonderlik. So dit klink my daar was nogal baie wat mens moes bou en ... kreatief wees hoe om dit reg te kry op Antarktika. Dit was nie alles net saam verskeep nie.

**A:** Ja, ek het ook daar vier groot maste gebou van houtpale en drade; antennas gespan vir beter kommunikasie met Suid-Afrika; en kabels gelê ... O, ek het ook ‘n interessante toets daar gedoen. Ek weet nie of jy dit wil hoor nie ... ?

**A:** Die Japanese het voorheen ook toetse op Antarktika uitgevoer, dat sneeu het nie ‘n groot invloed op radioseine nie. En toe’t ek op die oppervlakte van die sneeu so ‘n ding, diamantvorm, drade gelê en die kabel binne na die radiokamer toe gebring en geluister, en ek kon baie goed opvang ...

**A:** Want dis mos ‘n 1,000-voet sneeubank waarop ons was ... Sneeu het ... Met ander woorde, hierdie was as te ware ‘n 1,000 voet bokant die see-oppervlakte, en dit het baie goeie ontvangs gehad, maar wat interessant was, as die wind waai, toe die drade net ... nog oop was, en die wind daaroor ... die sneeu daaroor skuur, het dit statiese elektrisiteit ontwikkel, wat jy kon hoor op die radio binnekant. En naderhand, toe die drade bedek was – as gevolg van die sneeustorms en so aan – het hy weer absoluut normaal gewerk.

**V:** Watter radio het hulle dan opgevang? Was dit net ... ?

**A:** Wel, dis die radiokommunikasie met Kaapstad – ons normale radioverbindings. O, ek moet dit noem dat die SAUK se seine was baie, baie swak gewees, want ... Kyk, hulle saai mos alles noordwaarts uit ...

**V:** Ja.

**A:** Van Kaapstad af noordwaarts, maar nie suidwaarts nie. So ons het in die dag so tot by nege-, tienuur, kon ons SAUK opvang, maar daarna nie. So het ek ook die middag gehoor toe Dr Verwoerd geskiet is. Toe was ek ‘n radio-amateur ... het met iemand kontak gemaak in Kaapstad – elke dag omtrent, behalwe as toestande swak is. Toe vertel dat Dr Verwoerd geskiet is by die Paasskou of waar ... ?

**V:** By die Paasskou. Hoe was dit gewees vir die basis?

**A:** Weet jy, ... Interessant jy weet, dit was omtrent net so teen koffietyd wat ek met die ou praat, en almal het daar by die tafel gesit en koffie drink, en toe ek dit vir hulle noem, toe was daar ‘n absolute, ‘n doodse stilte gewees. Kon dit net nie glo nie.

**V:** Het julle toe later uitgevind dat hy dit oorleef het?

**A:** Ja, ja. Ek het met ‘n radio-amateur in Kaapstad ... Arty Pierold; hy’s nou nog daar. Ons het boesemvriende geword en het elke dag kontak gemaak. Hannes was natuurlik baie bly, want sy vrou was in Kaapstad ... Kon sy na sy radio toe gaan en so ‘n paar woordjies wissel of en dan het hy ook natuurlik vir ons die nuus gegee wat in Suid-Afrika aan die gang is. Want die SAUK was baie, baie swak.

**V:** Ja, so dit was seker vir Hannes darem ekstra lekker, want toe kan hy bietjie meer as sy twintig woorde praat ...

**A:** Hy’t altyd vir my gesê: “Wat sê hulle in die Kaap?!”

**V:** En die basisroetine, hoe’t dit gewerk? Het julle maar saam etes geëet?

**A:** Ja, elke ou het vier dae kookbeurt gehad, en  was die *skivvy* van die dag – dis nou die ou wat die skottelgoed moet was en so aan. Hy maak in die oggend tee – koffie, ten minste – terwyl ons nog almal in die bed is, en dan bring hy nou vir ons elkeen ‘n lekker beker koffie in die bed ...

**V:** Ag lekker!

**A:** En dan staan ons nou op en so aan. En seker so teen aguur se kant, of miskien vroeër, het ons dan ontbyt gehad, wat hoofsaaklik bestaan het maar uit graankos en koffie natuurlik. En dan gaan ons aan met ons werk. Middagete ... Het ons nou in die aand geëet of in die middag geëet? Ek dink in die middag. In die middag het die ou sy kos voorberei. Ek was kwartiermeester-generaal ook gewees, om die kos vir elke ou uit te deel vir die volgende vier dae, en ... Maar ons het lekker geëet. Die gedroogde groente het baie goed gewerk; pampoen ... nee wag, dit was kool en boontjies, uie, en natuurlik die vleis ... Maar ons het lekker geëet. En in die aande het ons maar hoofsaaklik maar beskuitjies geëet – daai beskuitjies wat daar was van die Noorweërs – en koffie. Ek kan nie onthou wat ons nog geëet het nie; bietjie lank terug. Maar dis tog interessant hoe innoverend elkeen was om kos te maak. Die manne wat nou getroud was, het nou miskien bietjie ‘n voordeel gehad op die ander. Ons het hulle ook maar touwys gemaak. As ek nou mag spog: almal het my altyd gevra om ‘n sousie te maak vir die kos!

**V:** Aah! Ja!

**A:** Ek het natuurlik by die huis geleer om sous te maak by die kos. En nou-ja. Ons het die skottelgoed gewas. Ek weet nie of hulle jou al vertel het van die drom wat in die kombuis was nie?

**V:** Nee, ek het nie ...

**A:** Die eetkamer-kombuis het ‘n venster gehad, en ons het daardeur getonnel, deur daai venster, en dan die ys in ‘n bad gelaai en in ‘n drom weer in die kombuis gelaai, volgemaak, om te smelt vir water – dis die enigste water wat ons daar gehad het.

Op daai DVD sal jy hom sien – so 'n groot 44-gelling drom. En so het ons daar getonnel, getonnel ... Wel, die Noorweërs het dit eerste gedoen natuurlik.

**V:** Ja, ja, ja.

**A:** En ons het in daai tonnel ons skape en die varkies, eiers en aartappels gebêre. Ja, 'n eier kan jy natuurlik op die grond gooi en dan spring hy sommer net weer op, sonder om te breek.

**V:** Kon julle hulle ... Maar toe julle hulle gaargemaak het, het hulle darem oraait geproe, die eiers?

**A:** Ja, ja. Ons moes hulle natuurlik inbring en eers warm maak ...

**V:** Ja, dat hulle eers ontdooi ...

**A:** Om te ontdooi, ja. Ook die bier ... !

**V:** O, die bier ... Het julle ... Het die Departement Vervoer darem vir julle 'n paar biere saamgestuur?

**A:** Ja-nee, ons het bier gehad, en whiskey en brandewyn, en wyn. Ek moet jou die staaltjie vertel van die wyn ...

**V:** Ja, vertel!

**A:** Omdat ek nou kwartiermeester-generaal was, het ek nou toesig gehad ook oor die drank. Nee, Hannes het toesig gehad oor die drank, maar die wynvatjie was daar, en ek was aangesê om altyd die wyn uit te tap – so met 'n pypie in 'n beker wyn, of so iets. Maar dan't ek altyd gemaak ... die pypie wil nou nie werk nie, dan suig ek daaraan. So't ek so bietjie meer wyn gekry!

**V:** Meer gekry as die res ... ! En vir spesiale geleenthede, het julle ... Soos Midwinter – het julle 'n Midwinterfees gehad?

**A:** Ja. Nee, Midwinterfees is natuurlik 'n baie belangrike dag op Antarktika. Daardie dag trek jy jou gewone klere aan en jy kam jou hare; die baard word gesny en 'n spesiale ete word voorberei; en vonkelwyn op die tafel. Alles word deftig gedoen, en daai dag geniet ons nou regtigwaar baie. En natuurlik die boodskappe wat ons van ander lande gekry het, né.

**V:** Ja; het julle?

**A:** Ja, selfs die Russe het vir ons 'n boodskap van goeie wense ... Alle lande het vir mekaar goeie wense gestuur.

**V:** Haai, dis mooi.

**A:** Ook die koningin van Engeland het vir ons 'n boodskap ... die president van Amerika ...

**V:** Haai! En van Suid-Afrika af het hulle darem ook 'n boodskap gestuur?

**A:** Ja; Suid-Afrika het seker vir die ander basisse ook gestuur. Ons het natuurlik onder mekaar ook goeie wense vir mekaar gestuur, ja.

**V:** En dan't julle nou hierdie lekker aansitete gehad en ...

**A:** Baie lekker geëet. Dit ...

**V:** Ag lekker.

**A:** En musiek gemaak; dit was absoluut vrolik gewees. Want nou weet jy die son kom nou weer terug.

**V:** Ja, ek kan dink dis 'n belangrike gebeurtenis om dit te weet. Wie't musiek gemaak? Het julle self ... Was daar van julle wat instrumente kon speel?

**A:** Ja, weet jy, Chris de Weerdt kon pensklavier (trekklavier) speel – hy't sy pensklavier daar gehad; ek dink Theo het mondfluitjie gehad, en wie't kitaar gespeel ... ? Ek dink in Dr Van der Merwe se boek is daar 'n foto ... Maar elk geval. Maar ons het nie baie self musiek gemaak nie; ons het maar meer plate gespeel en so aan.

**V:** Ja. Noudat u praat van Chris en Dick en so, ek verstaan daar was nogal 'n paar Hollanders saam gewees, of mense van Hollandse afkoms.

**A:** Ja, Dick Bonnema was 'n Hollander; Theo is van Hollandse afkoms, maar hy's hier in Suid-Afrika gebore, in Pretoria. Maar wat verwarrend was op die ... Jy't gehad Nick, Vic en Dick! Jy moes altyd mooi mik watter naam om te gebruik!

**V:** En wat het julle gedoen vir ontspanning?

**A:** Ons het ek dink 13 rolfilms saamgeneem; ons het 'n projektor ook daar gehad. Nou-ja, jy weet: 13 rolprente in 52 weke – dan sien hy hom maar oor en oor en oor! En op 'n stadium het ons die rolprent agteruit laat loop!

**V:** Oukei!

**A:** En dit het groot skaterlag veroorsaak ... Ouens wat agteruitloop; karre wat agteruitloop, en so aan!

**V:** Ek kan dink!

**A:** Elke Saterdagaand het ons bioskoop gehou. Chris was eintlik die projektoroperateur.

**V:** En Sondae, het julle na 'n erediens geluister, of wat het hulle gedoen?

**A:** Wel nee. Omdat die SAUK se diens so swak was, het Hannes elke Sondagaand godsdiens gehou. ... 'n Stukkie uit die Bybel uit gelees en dan ook 'n gebed gedoen. Hy't dit alleen gedoen. In my jaar van ekspedisie het ek elke een 'n beurt gegee om godsdiens te hou.

**V:** Watter soort leier was Hannes gewees?

**A:** Baie streng; streng, ordentlik, georganiseerd; geordend, geordend streng. Jy moet opstaan; jy moet werk. Hy't gesê dit is hoe ons gaan wees: ons gaan opstaan en ons gaan die hele dag werk, en die aand kan ons rus en geniet. Baie regverdig, onpartydig. Ek het nooit die indruk – hoewel ek onderleier was – gekry dat hy 'n kliek gevorm het met iemand of so iets nie. Dr Van der Merwe was ons persoon met wie ons ons geheime gedeel het, of raad gevra het; troos gevra het. Maar Hannes het 'n sterk persoonlikheid gehad, baie sterk.

**V:** Hoe het hierdie eerste ervaring op Antartika jou eie ekspedisie toe beïnvloed? Het dit 'n impak gehad?

**A:** Ek het baie geleer op die eerste ekspedisie wat ek kon toepas op die tweede ekspedisie, en ek het maar dieselfde patroon ook gevolg. Dis al manier. Daar was van die ekspedisielede wat later van tyd verkies het om in die nag te werk. Toe't ek gesê nee, want jy't ook 'n reël dat as jy basis skoonmaak, moet al die spanlede daar wees om te help skoonmaak. Want daar's verskillende dinge wat skoongemaak moet word: ys moet uit die ysgange gepik word, want dit kondenseer ... Ag, allerhande dingetjies wat mens moet doen. So toe't ek gesê nee kêrels, ons werk in die dag; in die nag slaap ons.

**V:** Ja, dat almal 'n roetine volg en daar is wanneer die basis skoongemaak moet word. En watter soort dokter was Dokkie gewees?

**A:** Dokkie was 'n baie aangename persoon. Hy't vrylik gemeng met ons. Hy't ook vir ons 'n bietjie van die mediese wetenskap geleer, maar hy was hart en siel in die ekspedisie; deelgeneem aan alles, dan al die werke. Baie lief om trekker te bestuur.

O, hy ... Dit was vir hom te lekker om met Pikkanien of ... Waarmee is hulle weg? Ek dink hulle is met Suikerbossie weg om 'n depot te gaan stig, so 50, 60 km van die basis af; miskien 'n bietjie meer. Maar daar's baie trekkerwerk wat jy moet doen. Jy moet die dromme gaan haal. Ons het die 2,000 dromme so in 'n ry geplaas, weg van die basis af – ek het altyd gesê dis die Filistyne wat ons aanval ... ! Ek het ook in die oggend gesê, as ek die koffie inbring, "Staan op! Die Filistyne is in aantog!"

**V:** En elkeen het maar seker sy eie karakter gehad ook?

**A:** Ja, verskillende karakters. George Strauss baie, introvert, stil mens, – 'n mens het nooit geweet wat hy dink nie. Nick was meer uitwaarts weer, aangenaam. Kan ek nog iets sê van Nick?

**V:** Ja.

**A:** Een van die outjies se nooi het al koeler en koeler geraak. Nick, wat die boodskappe, briewe, ontvang het, het dit natuurlik gemerk. Totdat sy opgehou skryf het. En Nick het, uit die goedheid van sy hart, het toe briefies saamgestel en vir die ou gegee ...

**V:** Ag, oulik.

**A:** Asof dit van sy nooi kom. Maar ek dink dit was baie grootmoedig van hom gewees. En ... Ja, soos ek sê, die ander ouens ... Ons het baie goed oor die weg gekom, oor die algemeen. Dick was maar tipies Hollands gewees ... Hollander – bietjie eienaardig; net sý dinge is reg, jy weet. Blackie was jonk; 'n baie aangename persoon, regtigwaar.

**V:** Is dit nie hy wat bietjie gebry het nie?

**A:** Ja, bry.

**V:** Is dit?

**A:** Hy't gebry, ja.

**V:** Was hy nie baie ... Ek bedoel het hy nie verjaar nog, soos 18 of 19 geword ... ?

**A:** Een-en-twintig, dink ek ...

**V:** Een-en-twintig, of so iets.

**A:** ... het Blackie geword. Ja, hy was jonger as Theo. Theo was die tweede jongste. Theo weer eens was 'n baie gemoedelike mens, maar ook, hy't baie by my aansluiting gevind, want hy't baie belang gestel in die elektrisiteit en die elektronika en so aan. En hy't altyd probeer om my verkeerd te bewys – 'nee, dit werk só!'

**V:** Klink baie Hollands ... !

**A:** Ja! Toe't ons hom later die naam gegee "Dosie, die Ontdekker"! Hy was Theodorus, so Theo, die Ontdekker, want hy't allerhande dinge "ontdek" daar!

**V:** Was u ooit ook self uit op 'n veldrit gewees?

**A:** Ja, Vic en ek is weg met die hondeslee, net na die winter, om te gaan kyk hoe lyk die buktas en die see, pakys en so meer. Dit was hier in Oktobermaand gewees. En die eerste aand, , was ons omtrent so 15 km van die basis af gewees, toe sien ons daar's 'n sneeustorm wat aankom. En ons besluit toe ons moet nou vinnig tent opslaan en die honde uitspan; die Primusstoof en die kos in die tent inbring; ons slaapsakke bring. En ons het 'n ankertou aan die bopunt van die tent vasgemaak, en die honde uitgespan en hulle net aan 'n kettings vasgemaak, aan die halsband. En daar't 'n storm losgebars vir drie dae.

**V:** Wat julle in daai tent vasgekeer was?

**A:** Ja, al die tyd. Ek het darem gelukkig die antenna kon span en die sendertjie inbring. En daar het ons vir drie dae in die slaapsak gelê, as't ware.Net oopgemaak en dan die

stofie aan die brand gekry met ‘n gesukkel, maar ... en rantsoene warmgemaak. Die battery het só gevries dat ek ... Hy’t geen spanning gehad nie. Ek moes hom warm maak naby die Primusstofie om weer sy spanning te ontwikkel. Ja, -48 was die laagste wat ons gehad het.

Maar dit was ‘n verskriklike ondervinding, want jy’t nie geweet hoe lank die storm gaan aanduur nie. En soos jy weet, as die sneeu van híérdie kant af waai, aan dáárdie kant van die voorwerp pak die sneeu op. En die sneeu het aan ou Vic se kant opgepak ...

**V:** Ag nee.

**A:** En hy’t al nader na my toe beweeg, toe sê ek: “Vic, ek hou jou dop!”

En heeltemal ‘n gemoedelike ... ‘Skuus as ek dit sê.

**V:** Nee, dis doodreg. Die honde ... Wie was in beheer van die honde gewees?

**A:** Hannes het hoofsaaklik maar die honde hanteer. Weet jy, hy kon ... Hy’t hulle naderhand so geleer dat hy hulle amper soos ‘n motorkar kon bestuur met die bevele wat hy vir hulle gegee het. Want by die basis is daar natuurlik baie pale en so aan, maar hy’t dit natuurlik op die ekspedisie geleer ... het hulle ook honde gehad, met die Trans-Atlantiese Ekspedisie. Maar hulle’t ook die bevele by die Noorweërs gehoor – [*har* en *links*; *har* ... moontlik noorweegs høyre]. Ons het ‘n leierhond gehad wat ongelooflik intelligent was, en op daai bevel het hy gereageer.

**V:** Ongelooflik ... So die honde het Noorweegs gepraat ... Het hulle later bietjie Afrikaans ook gepraat?!

**A:** Ek glo nie hulle het ons Afrikaans verstaan nie!

**V:** Is dit?! Maar julle het maar almal met mekaar Afrikaans gepraat?

**A:** Op die basis?

**V:** Ja.

**A:** Ja-nee, ons was almal Afrikaanssprekend; almal.

**V:** Toe met die SANAE 3-ekspedisie, was daar van die honde wat nog daar was?

**A:** Ja, die honde was daar.

**V:** Het hulle jou herken, van die honde?

**A:** Ek glo nie hulle het my geken nie, want ek was die enigste een wat voorheen daar was. Maar die hond is ontsettend lief vir die mens; ongelooflik. Jy weet, as die honde baklei, kan jy jou hand as’t ware tussen hulle insit; hulle sal jou nie byt nie.

**A:** Wel, hulle is verskriklik wreed op mekaar natuurlik. Ons moes hulle gedurigdeur, as jy op die slee, met die slee ry, uitmekaar hou ... span en so aan. Maar ons het ook

honde saamgeneem wat van Alaska af ingevoer is – ek dink so vyf of so honde, met ook kleintjies, wat hier op Onderstepoort gebore is. Die kleintjies het ons ook saamgeneem ... Ek dink op die tweede deel van daai DVD sal jy dit ook sien. Ons het daardie jaar ... Ons het nie robbe geskiet nie; ons het vleis saamgeneem ... 'n Hele ... tonne, tonne vleis saamgeneem vir die honde.

**V:** Hmm. En die babahondjies, was hulle bietjie spelerig gewees?

**A:** Baie. Hulle het daar op die dek van die skip rondgehardloop. En snaaks genoeg, hulle het nie oorboord geval nie. Hulle het een van die honde soort aanvaar as die ma – hulle het altyd by hom gaan lê en so aan, jy weet.

**V:** Ag oulik! Was hulle ...

**A:** Baie mooi.

**V:** Was hulle oulik gewees, die babahondjies?

**A:** Ja. Baie spelerig.

**V:** Is daar van die honde wat so half meer karakter gehad het as ander, of wat mens nou 'n spesiale band mee ontwikkel of so?

**A:** Ja. Die leierhond natuurlik, en daar was van die honde wat meer vriendelik was as, as die ander, jy weet. Veral as jy inspan, as jy kom om hulle in te span, hulle spring in die lug en hulle wag, kan nie wag om ingespan te word nie en ... Dit sal jy ook op daai DVD sien. Nee, hulle het dit en wat vir my interessant was, is as hulle nou dors word, dan in die hardloop laat sak hulle net hulle bek, dan skep hulle so bietjie sneeu in die mond in. Dan gaan hulle weer aan.

**V:** Nou toe julle nou na daai drie dae in die tent vasgekeer was, het julle toe aangegaan, of teruggekeer basis toe?

**A:** Ja-nee, ons het aangegaan. Ons het ook die noodbasis besoek wat daar was, want indien iets by die basis gebeur, kon ons soontoe gaan as 'n noodmaatreël. En ons het bietjie rondgekyk op die buktas. En toe val dit ons by maar Chris verjaar vandag, en ons wou daai partytjie nie mis nie! En ons het daai, ek dink 22 km, afgedraf! En betyds aangekom vir die partytjie!

**V:** ... partytjie, is dit?!

**A:** Ja.

**V:** So julle het maar met verjaarsdae vir mekaar partytjies gegooi en ...

**A:** O ja, ja. Ons het partykeer amper gedink om ons skoonma's se partytjie ook te vier ...! Maar ons het nooit sover gekom nie!

**V:** Wat het mens geleer by mekaar?

**A:** Ek dink verdraagsaamheid, vriendelikheid, hoflikheid, respek vir mekaar en ook vir mekaar se mening – verskil, maar verskil op 'n vriendelike manier. Ek het by Chris groot aanklank gevind wat godsdienstige sake betref, jy weet. Dit was vir my baie lekker om met hom oor die godsdiens te gesels.

**V:** Wat was anders gewees met die SANAE 3-ekspedisie, die tweede ekspedisie?

**A:** SANAE 3 was 'n meer vooruitbeplande ekspedisie. Ons was vroeër aangestel, kon beter voorberei. Maar op die basis self ... Ons het beter woongeriewe gehad; 'n beter stoof gehad; dieselopwekkers – ons het meer warm water gehad, want die uitlaatgasse van die diesels het die sneeu gesmelt en warm water gemaak, ook maar weer in die wasmasjien ... in die bad en dan in die wasmasjien. Ons kon brood bak. Die lewensomstandighede was baie beter gewees, en ook ... Ons kon ook besoek bring aan die berge, wat ons nie die vorige jaar gedoen het nie, of die jaar ... Hannes en Vic was wel in die berge met die honde gewees, maar ek en die geoloog en die dieselwerktuigkundige, ons kon berge toe gaan – dis waar ek hierdie gesteentes opgetel het. En nou-ja, dit was 'n wonderlike ondervinding om daar by die berge te kom en hulle samestelling en sedimentêre neerslae ...

**V:** Ek kan dink.

**A:** O, weet jy, ons het daar by een berg – Jekselen – gekom, waar die Noorweërs ook 'n kosdepot gehad het, en ons het nog die kassies daar van die kos daar gesien.

**V:** Ja? Was dit nog eetbaar?

**A:** Ons het nie daarvan gebruik nie ... ! Ons het ons eie kos gehad, met ons ondervinding wat ons van die basis het!

**V:** Ja ...

**A:** Maar ons het 'n baie noue ontkoming gehad. Die reël is, met jou trekker en jou slee agteraan, en ook die Caboose, ry jy, sodat as die trekker inval, kan hierdie rem, dat jy nie tot onder val nie. Maar ek weet nie wat ons besiel het nie, maar ons het toe met die trekker so 'n draai gery, want die geoloog wou na 'n bergpuntjie wat uitgesteek het – hulle noem dit "nunatak" ...

**V:** Ja, ja.

**A:** ... gaan kyk het. En weet jy, toe ons nog so ry, , is die trekker ... slaan hy een kant toe oor. Toe lê ons heeltemal skuins. Toe sê ek vir Danie 'maar wat gaan nou aan?' Toe sê hy 'nee, jong; ons is hier in 'n skeur'.

**V:** *Oh* ...

**A:** Toe't ons by die boonste deel uitgeklim en gekyk. Weet jy, as ons seker ... hiervandaan na daai bank toe nog gery het, sou ek nie vandag hier gewees het nie.

**V:** Ongelooflik ...

**A:** 'n Ongelooflike skeur gewees ...

**V:** Het julle die trekker weer uitgekry, of het julle hom daar gelos?

**A:** Toe't ons teruggeloop. En gelukkig het ons 'n handradiotjie gehad en ek het kon sein na die basis toe – 'bring vir ons toue en balke en sinkplaat, sodat ons ...'. Toe't ons die trekker uitgekry.

**V:** En toe daardie jaar was u net leier gewees; daar was 'n ander radiotegnikus. Of was u leier en radiotegnikus?

**A:** Nee, ek was ook die radiotegnikus gewees.

**V:** So u't al twee pligte vervul?

**A:** Ja. Daar was net 'n radio-operateur.

**V:** Maar toe was die *equipment* ook al beter, die toestelle?

**A:** Ons het dieselfde soort sender gehad – daar is 'n foto daarvan – en ... ja, ek dink ons het dieselfde ontvangers ook gehad. Daar was niks nuuts eintlik nie. Doktor Baker het die ionosferiese navorsing gedoen met elektroniese apparaat. Verder het ons nie ander radio-apparaat gehad, behalwe die apparaatjie wat aan die ballon vasgemaak is nie. En ons het ook nie daai radiosenders gehad wat ons op die eerste ... daai radio's om hom te volg nie.

**V:** Wanneer het hulle die nuwe basis gebou – die eerste SANAE-basis? Was dit ... ?

**A:** Die eerste SANAE-basis?

**V:** Ja.

**A:** Wel, die jaar toe ek daar was, in 1961, so in Januarie. DPW het saamgegaan en die houtpanele opgerig en so veel ingebou as moontlik; die dieselenjins geïnstalleer, maar nog nie in werking nie; en toe besluit die kaptein hy gaan. Hy moet nou ry, want die pakys ... Die inligting wat ons gekry het, is dat die pakys baie dik sal wees. Toe's ons daar gelaat. Ons het ek dink een silinder dieseltjie gehad wat buitekant die basis geplaas was, wat net vir ons elektrisiteit in die slaapkamer gegee het, en ek dink ook in die kombuis. En toe't ons maar self ... Ons moes die ysgange bou wat ... Die ry geboue loop nou só, dan parallel daarmee is die ysgang wat jy bou, met ingange na die verskillende geboue toe ...

**V:** Dit moes 'n geweldige werk gewees het ... !

**A:** Ongelooflik. En die mure is gepak met kassies voorrade, en dan daaroor, aan die buitekant, het jy nou seil geplaas om die sneeu op te vang. Maar die kassies was geplaas gewees, 'n gedeelte daarvan, maar verder was hy oop gewees. En jy't ook,

bo-oor die sinkplate, ook goed geplaas ... seile geplaas. Maar daar was niks. En ek dink 'n week of wat na hulle vertrek het, toe bars daar een helse storm los. Die basis was nog bokant die ... so soos hierdie huis. En toe ons die volgende oggend wakker word, toe was die basis bedek met sneeu. Ons moes ... Deur 'n venster kon ons uitklim – 'n gat grawe deur die sneeu om buitekant toe te kom. En toe moes ons van buitekant af grawe om by die kombuis e kom. Toe was hy tot by die dak!

**V:** Ongelooflik ... In een aand?!

**A:** Een nag; een nag, ja. En ons het toe dadelik aan die werk gespring. Toe't ons weet jy, ons het gewerk tot Aprilmaand om hierdie ysgang net ... om ons 'n leefbare toestand te gee; ook binne die dieselenjins aan die gang te kry. Maar die ysgang was ons prioriteit gewees. Dit was 'n lang ysgang. Ons het met 'n bad wat op 'n *skivvy*-slee, vol sneeu geplaas en uitgetrek, gaan buitekant gooi, en weer teruggekom.

**V:** Net betyds voor winter?!

**A:** Net betyds vir winter ... Toe't jy hierdie *skivvy*-werk, hierdie arbeid, hierdie ... En hier het jy wetenskaplikes wat gekom het om wetenskaplike werk te doen, en hier moet hy sneeu grawe. Nouja, lateraan was dit natuurlik ook 'n ... kon 'n mens sien die mense was teleurgesteld – die geoloog en die landmeter en die dokter ...

**V:** Hoe baie daarvan kon hulle nou doen? Hulle was seker ook nie gewoond gewees noodwendig aan die hande-arbeid nie.

**A:** Nee, dit is waar. Ek het een ding neergelê: die dokter vat nie 'n hamer of 'n saag in sy hand nie; hy is vrygestel daarvan.

**V:** Ja!

**A:** Ek dink op die eerste ... In Meimaand het ons die groot sender aan die gang gekry. Nee. Toe kon ons nou voluit gaan met ons wetenskaplike werk.

**V:** Oukei, ja. Ek wou nou nog iets vra oor hierdie ekspedisie ... O, met watter boot het julle afgegaan; met watter skip?

**A:** Die RSA.

**V:** Was dit toe die RSA?

**A:** Ja, sy nooiensvaart; ja.

**V:** So was u op die RSA se nooiensvaart?

**A:** Ja.

**V:** En?

**A:** Baie luuks. Baie meer luuks as die Polar Bjorn; baie groter. Was natuurlik geweldig gelaai met voorraad – die hele basis se materiaal: boumateriaal was daar; daar was

dromme op die dek geplaas. Ek dink jy sal dit ook sien in die tweede deel, hoe die golwe oor ... en die dromme losruk ... Dromme, ek dink een of twee dromme, is selfs oorboord gespoel van die skip. Maar baie meer luuks en aangenaam om in te bly.

**V:** Was daar Japanese saam met julle gewees?

**A:** Ja, die bemanning was Japanees. Daar was ook natuurlik ... Nee, wag, daar was nie ... Nee, nee; die bemanning was Suid-Afrikaners, want hulle was oorgestuur Japan toe om opleiding te kry in die skip. Maar daar was die ... ek dink 'n ingenieur. Een ja, om te kyk hoe die skip toe nou funksioneer en so aan.

**V:** So het hy ook vasgesit?

**A:** Ja, ons het tog 'n bietjie vasgesit, maar nie veel nie; nie veel nie. Maar op pad terug, toe hulle ons nou afgelaai het , omtrent 60 myl van ons af – destyds was alles nog in myl gewees – het hulle vir ses weke vasgesit. En naby ons. En toe ons dit nou uitvind, was ons baie kwaad. Hulle kan mos nou ons gehelp het, bou het, jy weet.

**V:** Ja!

**A:** Ek dink hulle het toe uiteindelik die Amerikaners gevra om hulle te ontset. En ek dink daar was een van Australië ook op pad, 'n ysbreker. Maar toe't hulle op 'n manier losgekom, na ses weke. Maar ons was onbewus, want ons het nie radioverbinding gehad nie. Ek het die radio - sê eers hier in Maartmaand het ons vir die eerste keer met Suid-Afrika weer kontak gemaak. Toe vind ons uit die skip het 60 myl van ons af vasgesit.

**V:** Hoe is dit as daai skip weer aankom om mens te kom haal?

**A:** Weet jy, dis 'n ongelooflike gesig. Want as hy vertrek, weet jy dis nou 'n jaar. En 'n jaar verby is, dan hier kom hy aan. En jy is bly die jaar is verby; dankbaar dat – as leier – dat almal kan teruggaan; dat daar nie sterfgevalle is nie. Dit was my bekommernis, want dis die maklikste ding, hoor.

**V:** Ja ...

**A:** Daar's mos by die basis nou ...

**V:** Onlangs iemand oorlede, ja. Met al daai tegnologie.

**A:** Ja. En ja, as die skip nou vasgemeer is, al wat jy vra is pos en brood.

**V:** En dan om terug te kom op die kaai in Kaapstad met die eerste ekspedisie – het daar pers julle ingewag; koerante?

**A:** Ja, die pers het ons [in]gewag, maar ons,  ons families was nie op die kaai toe ons vertrek het nie – ons het met die trein afgery Kaapstad toe en per militêre vliegtuig teruggebring Swatkops-lughawe toe. Met die tweede ekspedisie was my vrou wel daar en die dogter – dit was wonderlik. Wonderlik. Wonderlik ook.

**V:** Wat het u laat besluit om nog ‘n  jaar te gaan?

**A:** Wel, dit was ... Hulle het my gevra om te gaan met my ondervinding. Dit was ook weer vir my ‘n uitdaging, ‘n ervaring ... ondervinding, en ook om in diens van die land te wees; om die eerste Suid-Afrikaanse basis te gaan vestig, en ook meer wetenskaplike werk te kon doen as wat ons vroeër gedoen het. Met beter woongeriewe, beter trekkers ... Nee wag ‘n bietjie ... Ons het tog vir Ounooi en Pikkanien daar gehad ... Ja, die een moes ons ... Suikerbossie het ons teruggestuur. En die een trekker moes ons ook terugstuur, want sy blok het gebreek. Ons het vergeet om die water, om anti-vries in die verkoeler te sit, toe’t die blok gebars. Maar nee, dit was aangenaam gewees as ‘n mens nou terugkyk. Dit was swaar, harde werk. Jy moes maar altyd bewus wees dat jy die voorbeeld moet stel – nie dat ‘n mens soos ‘n skoolmeester wou optree nie, jy weet, maar net vriendelik, onpartydig wees, en hulpvaardig – want ek moes ook maar help; almal moes help om mekaar te help; jy’t nie arbeid daar gehad nie ...! Goedkoop arbeid nie. Maar ek is bly ek het die voorreg gehad om dit te kon doen.

**V:** Wat was die ding wat mens ... Toe mens in Suid-Afrika weer aankom, wat was die grootste aanpassing gewees, terug?

**A:** Daar was twee aanpassings. Mens is eintlik vreemd vir jou vrou; vreemd eintlik. Ja, soos wat mens vreemd voel teenoor ‘n mens. En dan die ander ding is ... Maar natuurlik bly ook ... !

**V:** Ja natuurlik! Nee, ek verstaan heeltemal.

**A:** Maar om saam met mans te wees vir 13 maande, en dan hier’s jou vrou ...

**V:** En jou dogtertjie ... !

**A:** Hoe tree mens op? En dan die ander ding is klimaatsaanpassing. Ek kry warm, maar my vrou kry koud.

**V:** Ja.

**A:** Ek wil die komberse afhê van die bed ... Ja, die klimaatsaanpassing is nogal taamlik groot, hoor. ‘n Mens neem ‘n rukkie voordat jy aangepas is.

**V:** Wat mis mens van Antarktika? Jou familie; jou vrou en kinders. Weet jy, ek het baie keer gewens as ek nou in die ysgang afstap, hier kom my vrou aangestap.

**V:** Ja.

**A:** Dis maar net wensdenkery. Maar mens het so gewens. Ja. En dan natuurlik die briewe wat jy van die huis af kry. Wat mis ‘n mens die meeste?

**V:** Ja, wat mis ‘n mens van Antarktika as jy terug in Suid-Afrika?

**A:** Ja. Die moontlikheid is dat jy nooit weer dit sal sien nie, maar die ervaring wat jy opgedoen het, die skoonheid van Antarktika, die reinheid, bly by my. Absoluut. Ja, en dan ook die aangename tye wat jy gehad het; die ondervinding wat jy kon opgedoen het; die kennis wat jy geleer het by die geoloog, by die landmeter, die dokter, en ja, wie nog? Ek het Chris baie gehelp met die meganiese werk. Ja, as jy terugkom, die lekker kos wat jy het ... !

**V:** Is julle destyds 'n salaris betaal vir die jaar op Antarktika?

**A:** Wel, ons is 'n salaris plus 'n toekenning betaal, maar dis alles natuurlik in ons bankrekening geplaas hierso. Daar's nie geld op Antarktika nie!

**V:** In 1960, 1963 jou voorstel dat daar 'n tyd sal wees wat vrouens net so saam met mans Antarktika sou gaan vir 'n jaar?

**A:** Dit was nooit 'n gedagte destyds ... 'n Mens het nooit gedink dat dit sou gebeur nie. Dit het nooit in daai rigting ooit ter sprake gekom by ons nie. Wat ek wel weet, is dat een Britse ekspedisie – die leier en 'n ander ou se vrouens was saam, maar nou net as gewone mense, en kort voor lank was daai ekspedisie in twee verdeel; absoluut verdeel.

**V:** Ja.

**A:** Maar ek haal my hoed af vir die dames wat afgaan. Werklikwaar; hulle doen goeie werk en ek is trots op hulle, baie trots op die dames. Daar was al 'n paar dokters gewees; op een ekspedisie was Esmé Nel en Johan Nel, man en vrou; later jare, toe ek weer af is in '97, was daar 'n Mary iemand – ook 'n dokter gewees ... Ja, en ook ... Ek dink daar was weerkundiges ook gewees?

**V:** Ja, daar is gereeld.

**A:** Ja, ek het haar ontmoet nou in die Kaap, toe hulle die 50-jarige vieringe gehad ... Ek kan nie ... Annie? Annemarie, of so iets. Maar nee, dis baie pragtig.

**V:** Maar julle het seker nou nie gedink, in 1959, '60 ... eers daaroor regtig gepraat nie in 1960?

**A:** Nee. Dit was toe 'n manswêreld gewees. Nie dat ons vroue uitgeskuif het nie, maar dit het nooit in ons gedagtes opgekom nie.

**V:** Was dit nie deel van die verwysingsraamwerk nie?

**A:** Ek wonder, het dames in daardie dae al in daardie rigtings studeer, jy weet? Geologie ... wel medies, wel seker? Ja, medies, weerkundig ...

**V:** En toe u nou weer in 1997 afgaan, wat was anders gewees? Ek weet dis 'n baie moeilike vraag. Laat ons eers begin by: wat was anders aan die skeepsvaart? Dit was met die Agulhas.

**A:** Die Agulhas was natuurlik ‘n baie groot, gerieflike skip, met mooi kajuite – ons was vier in ‘n kajuit – met baie goeie apparaat aanboord gewees: die radar en die bestuurmeganisme; kragtige enjins. ‘n Dubbelverdieping gewees met ‘n pragtige eetsaal; lekker geëet. Pragtige kombuis gewees met heerlike kos, en daar was ook ‘n ontspanningskamer met ‘n klomp rekenaars met speletjies op, en ... Ja, ek kon my radio saamvat. Ek het toestemming gekry om my amateurradio, en ek het my antennas gespan op die skip en ek het met die amateurs in Suid-Afrika gepraat ...

**V:** Ag lekker.

**A:** ‘n Ou in New York; ‘n ou in Suid-Amerika – ‘n hele klomp.

**V:** Het hulle destyds ... Het die SANAP-mense u spesiaal gevra om saam te kom vir die opening van die nuwe basis?

**A:** Vir my?

**V:** Ja.

**A:** Ja, hulle het my gevra.

**V:** En u het die geleentheid met al twee hande aangegryp?

**A:** Ja; o ja. Nee, dit was vir my wonderlik gewees. My vrou was natuurlik nie so baie gelukkig nie ... !

**V:** Ja!

**A:** Dat ek vir die derde jaar gaan, maar dit was net ‘n bietjie meer as ‘n maand. Maar ja, kyk toe ons daar aankom en ons sien die sloot wat hulle gegrawe het waar afgelaai word, die krane van die skip, die hyskraan met die mandjie en die helikopters wat ons vervoer na die basis toe ... Die basis wat soos ‘n luukse hotel gelyk het, werklikwaar!

**V:** Het Antarktika anders gelyk?

**A:** Antarktika het nog maar dieselfde gelyk, en uit die helikopter kon ek toe nou sien die verskillende berge wat ek geken het ... En ook nog weer die reinheid; ek kan nie daar verbykom nie. Redelik plat, wyd, sy bulte, maar dis seker berge wat nou nie hoog is nie, vorm hy so ‘n bult en so aan. Maar die basis, met al sy moderne fasiliteite, eetkamer en slaapkamers ...

**V:** Ja, dis mos op ‘n nunatak.

**A:** Op ‘n nunatak, ja.

**V:** Jy hoef nêrens af te kruip nie.

**A:** Vesleskarvet. Dis Veslekarvet , ek weet nie of jy al ‘n foto gesien het van die plek ...

**V:** Ja, ek het.

**A:** En ek het hier so ‘n boekie van hom en ook die groot dieseltenks wat daar is, alles bokant oppervlakte gemonteer. En warm water ...

**V:** Vir die storte!

**A:** Ja, die storte was nog nie in werking nie.

**V:** Was hulle nog nie in werking nie?

**A:** Nee.

**V:** Maar was dit ‘n goeie ervaring gewees om weer terug te gaan?

**A:** Wonderlik; ek was baie dankbaar dat die Departement my genooi het. En omdat ek nog nooit daar in daai deel was, so ver en diep in Antarktika nie, en die ander berge rondom jou wat ‘n mens ook sien ... Ek dink Suid-Afrika het hier absolute baanbrekerswerk gedoen, pionierswerk gedoen, want ek dink dis die eerste basis wat op ‘n nunatak gebou is. Hy sal nooit toewaai nie, so ...

**V:** Ja, want dit waai onderdeur.

**A:** Ja.

**V:** Wat maak Antarktika gevaarlik?

**A:** O ja. Antarktika is vriendelik en ook onvriendelik. Vriendelik dat hy vir jou mooi dae skep; jy kan rondloop. Maar in storms en die skeure , tensy die gebied bekend is. As jy êrens beweeg, loop jy altyd met ‘n paal dwars, so indien jy in ‘n skeur inval, sal die paal jou red. Soos ek voorheen gesê het, jy mag nie ver af van die basis beweeg nie, indien ‘n storm jou sou opskiet. In storms kan jy uitgaan as jy ‘n tou aan die basis se skag vasgemaak het. Ek het een aand uitgestap, en ek het ‘n hele ent gestap en toe word dit donker. En ek weet nie hoe dit gebeur het nie, maar dit was net donker. En ons het altyd ‘n lig gehad by die skag, en dié lig het doodgegaan. En een reël is op Antarktika: waar jy is, daar bly jy staan. In die donkerte het jy geen rigting. Ek kon wel die dieselenjins hoor, maar dit kan ook misleidend wees. En ek het net bly staan. En toe dit naderhand etenstyd is, toe vra die ouens maar waar is Martin? En toe’t hulle buitekant toe gesien, toe merk hulle onmiddellik die lig is dood. Gelukkig, toe hulle die lig aanskakel, toe kon ek soontoe loop.

**V:** Toe kon u nou sien.

**A:** So mens moet Antarktika gehoorsaam wees, sy storms en sy skeure.

**V:** Van die donker gepraat ... Het julle aurora’s gesien?

**A:** Pragtig; wonderlik! Mens jy kan dit nie beskryf nie; jy moet dit sien. Dis soos gordyne wat uit die hemel uit hang.

**V:** Ja ...

**A:** Kartelend, al in die rondte – groen, geel, oranje, blou, wit ...

**V:** Dit helder seker die winter 'n bietjie op?

**A:** Net in die winter sien 'n mens dit.

**V:** Julle moes seker 'n kontrak onderteken voor julle gegaan het?

**A:** Ja, ek dink ons het 'n diensvoorwaardes onderteken. Ek kan nie meer onthou wat daarin gestaan het nie. Al wat ek weet, is dat ons salarisse bly hier en ons kry 'n toekenning ... Wat noem mens dit?

**V:** Toelaag.

**A:** Toelae,ja. Ek glo nie dat 'n mens die Departement vrywaar van enige skade of ongelukke nie; ek glo nie.

**V:** Glo nie ...

**A:** Wat interessant was, is toe ons afgegaan het met die tweede ekspedisie ... Weet jy van die ou wat dood is daar, die radio-operateur van die RSA?

**V:** Nee, ek is nie bekend met die storie nie ...

**A:** Moriarty. Hy was 'n Ier gewees. Hy het ... Terwyl ons afgelaai het, het hy hartprobleme ondervind, en al erger en erger geword. En Dr Lautenbach het hom behandel, en uiteindelik het hy toe gesterf. Toe's dit nou die derde sterfgeval waarmee ek te doen het.

**V:** Sjoe.

**A:** Maar omdat hy 'n Ier was, het ons nie geweet wat om met sy liggaam te maak nie. Die opdrag was: begrawe hom. En toe't ons hom daar begrawe – baie na aan die kus – en ons het pale ingeplant. Baie pale, want as hy eers toegewaai is, jy sien nie ... jy weet nie waar dit is nie. En toe't ons hom na 'n jaar weer opgegrawe en Dr Lautenbach het hom ontdooi en formalien ingesit. Maar weet jy, dit was asof hy gister dood is. Jy weet, as jy aan hom klop [klopgeluide] – klipsteenhard. En daai ding van baardgroei is twak. Ek dink hy't bietjie baard gehad. En toe't ons hom, sy lyk natuurlik, teruggeneem.

**V:** O, en toe's hy ... ?

**A:** Terugvervoer Ierland toe.

**V:** Oukei, toe's hy in Ierland begrawe. Dit moes nogal 'n vreemde ervaring gewees het om hierdie "lewendige lyk" – as mens dit nou so kan noem – te sien ...

**A:** Ja.

**V:** Net een of twee ander vrae is maar ... Het julle toe al van *long eye* en *big eye* en sulke tipe goed gehoor? Die slaappatrone wat ...

**A:** Nee. Soos ek sê, ons het vaste reëls gehad; in die aand gaan slaap ons. Ag, ek dink partykeer het 'n mens 'n bietjie wakker gelê, maar ek het nooit gehoor dat die ouens oor slapeloosheid kla nie.

**V:** En het u darem 'n fototjie van u vrou en kind daar gehad?

**A:** A ja a!

**V:** Het hulle dit vooraf vir u gegee?

**A:** Hulle't daar by my gestaan in die kamer.

**V:** Oukei! En die ander mans het ook van hulle nooiens ... ?

**A:** O ja. Ou Blackie ... Aan die voetenent van sy bed ... Hy sê: "Marten, Marten, as ek my oë oopmaak in die oggend, wil ek in my nooi se oë kyk!" Kyk in Joey se oë.

**A:** Die sukses van 'n ekspedisie word bepaal deur die integriteit, deur die norm wat 'n mens handhaaf. Soos ek al voorheen gesê het, respekteer elke mens se gevoel; vriendelik teenoor mekaar; help mekaar. En ek dink dat die godsdiens het 'n groot rol gespeel, ja. Ek kan dit nie onderskat nie.

**V:** Op watter manier?

**A:** Dat jy op daardie een dag in die week bymekaar kom, gesamentlik, op die dieselfde gebied, voor God te mag ... Jy is altyd voor God, maar spesifiek verskyn in aanbidding en ... Ek weet nie of ons ooit gesing het nie, ... Maar ek dink, ook op my ekspedisie, waar ek elke ou 'n geleentheid gegee het ... Snaaksgenoeg, die dokter was 'n Katoliek. Die Sondag kom hy na my toe. Hy sê Marten, ek is 'n Katoliek; wil jy hê ek ... of kan ek ook die godsdiens hou vanaand? Ek sê Charles, natuurlik. Ons glo in dieselfde God; jy het dieselfde Bybel as ek. Doen dit asseblief. En Charles het dit gedoen ook. Hy's nou 'n spesialis in Johannesburg; 'n baie ordentlike man. Hy kom ook elke jaar na ons Midwinter toe. Hy's ook nou 'n professor aan Wits, Ortopeet.

**V:** U het toe later 'n Antarktiese Medalje gekry, as ek dit reg het?

**A:** Ja, wat ek natuurlik baie waardeer. Ek het nie daarvoor gewerk nie, maar die toekenning was vir my 'n ongelooflike eer wat aan my bewys is.

**V:** Wanneer het u die toekenning gekry?

**A:** Was dit in '66 ... ? Ek was die derde. Hannes is eerste, toe Vic, en toe ek, toe Dirk ... en Chris Neethling, wat ook ... Ag, Dirk Neethling, wat ook saam met my was op die derde ekspedisie.

**V:** Was daar meer mense op die derde ekspedisie?

**A:** Wat medaljes gekry het?

**V:** Nee, meer spanlede. Hoeveel ... Op die eerste span, hoeveel was julle?

**A:** Tien.

**V:** En op die derde?

**A:** Ook tien.

**V:** Ook tien? So dit was maar tien gewees?

**A:** Tien, tien, ja.

**V:** Oukei. Selfde tipe ... Ook ‘n geoloog en ...

**A:** Ja, die samestelling was dieselfde. Dit was net Duncan Baker wat die ionosonde-program, die ionosferiese program, van Grahamstad gedoen het – dit was bykomend gewees. Die aurora, die geomagnetiese ... alles was dieselfde. Weerkunde ...

**V:** En dan, waarvoor staan RSA? Die skip se naam ...

**A:** Republiek Suid-Afrika.

**V:** Oukei. Want ek het iewers in ‘n artikel ook gelees dat hulle na hom verwys as “Research Ship South Africa”.

**A:** Nee; Republiek Suid-Afrika.

**V:** Het julle geweet waar die skip gebou word, vooraf?

**A:** Ja, in Japan natuurlik was dit Osaka? Is hy in Osaka gebou?

**V:** Ek dink so, ja. So dit was in die koerante gewees en so dat Suid-Afrika hulle eie skip kry?

**A:** Ja. En hy was ‘n bietjie laat gewees met aflewering, maar ek dink ons is Januarie hier weg ... Ek kan nie onthou watter datum nie. En ... Het jy ooit Captain McNish se boek gelees?

**V:** Ja, ek het – “The Eternal Ice”.

**A:** Ja, al die inligting is daar in.

**V:** Baie dankie.

**A:** Groot plesier.